

**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**  
**VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN**

**Saaknr. : 3338/2013**

In die saak tussen:-

**FARMSECURE LIVESTOCK (EDMS) BPK**

Applikant

en

**TSIU VINCENT MATSEPE N.O.**

Eerste Respondent

**RUWAYNE ELRICH SMITH N.O.**

Tweede Respondent

**SIMON MALEBO ROMPOPORO N.O.**

Derde Respondent

**BRIAN ST CLAIR COOPER N.O.**

Vierde Respondent

**MEESTER VAN DIE HOË HOF,**  
**BLOEMFONTEIN**

Vyfde Respondent

**ABSA BANK BEPERK**

Sesde Respondent

**Saaknr.: 3818/2013**

In die saak tussen:-

**FARMSECURE LIVESTOCK (EDMS) BPK**

Applikant

en

**MEESTER VAN DIE HOË HOF**

Eerste Respondent

**TSIU VINCENT MATSEPE N.O.**

Tweede Respondent

**RUWAYNE ELRICH SMITH N.O.**

Derde Respondent

**SIMON MALEBO ROMPOPORO N.O.**

Vierde Respondent

**BRIAN ST CLAIR COOPER N.O.**

Vyfde Respondent

**ABSA BANK BEPERK**

Sesde Respondent

---

**AANGEHOOR OP:** 13 MAART 2014

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 27 MAART 2014

---

- [1] Bogenoemde twee aansoeke is by ooreenkoms gelyktydig deur my aangehoor en hierdie uitspraak handel met beide aansoeke.
- [2] Die Bennie van Niekerk Boerdery Trust (die trust) het 'n voerkraal bedryf waarin hoofsaaklik beeste afgerond is vir slagdoeleindes. Die trust is in hierdie besigheid aanvanklik finansiëel bygestaan deur die applikant in beide aansoeke (Farmsecure) en later deur die sesde respondent in beide aansoeke (Absa). Farmsecure het koopkontrakte aangegaan ten opsigte van beeste wat in die trust se voerkraal opgeneem en gevoer is. Farmsecure maak daarop aanspraak dat dit op hierdie wyse eiendomsreg van die betrokke beeste verkry het. Nadat die reëling tussen Farmsecure en die trust beëindig is, het Absa geld aan die trust geleen en voorgeskiet ter finansiering van die aankoop van beeste vir die voerkraal en daardie lenings is verseker deur twee algemene notariële verbande ten gunste van Absa oor die roerende goed van die trust.

- [3] Op 13 Februarie 2012 het Absa in aansoeknr 596/2012 in hierdie hof 'n voorlopige bevel tot perfektering van hierdie algemene notariële verbande verkry. Gevolglik het die balju beslag gelê op 'n groot hoeveelheid beeste in die besit van die trust. Daar is 'n relatief klein verskil tussen die partye met betrekking tot die getal beeste waarop ingevolge die perfekteringsbevel beslag gelê is. Volgens Farmsecure was op 5782 beeste beslag gelê, terwyl die getal volgens die respondente 5768 was. Geriefshalwe verwys ek na die beeste waarop ingevolge die perfekteringsbevel beslag gelê is, bloot as die beeste, tensy die samehang anders aandui. Al die beeste was gebrandmerk met Farmsecure se geregistreerde brandmerk, alhoewel sommige ook ander brandmerke gehad het.
- [4] Die trust het die bekragtiging van die bevel *nisi* in aansoeknr 596/2012 teengestaan, soos ook Farmsecure, aan wie verlop verleen is om tot daardie aansoek toe te tree. Farmsecure het in aansoeknr 772/2012 self ook 'n bevel aangevra tot die effek dat Absa verbied moet word om te handel met enige beeste wat gebrandmerk is met Farmsecure se geregistreerde brandmerk en waarvan Farmsecure die eienaar is.
- [5] In beide hierdie aansoeke het Farmsecure gesteun op eiendomsreg van die beeste. Beide aansoeke is aangehoor op 8 Maart 2012. Op daardie datum het Claasen WnR die bevel *nisi* in aansoeknr 596/2012 bekragtig en Farmsecure se aansoeknr 772/2012 afgewys met koste. Redes vir die

bevele in beide aansoek is verskaf op 22 Maart 2012. In beide aansoeke het Claasen WnR bevind dat Farmsecure nie eiendomsreg van die beeste bewys het nie. Verlof om teen hierdie bevele te appelleer is deur die verhoorhof sowel as die Hoogste Hof van Appèl geweier.

- [6] Op 15 Maart 2012 is die boedel van die trust voorlopig gesekwestreer en op 19 April 2012 is daardie bevel finaal gemaak. Die kurators van die insolvente boedel van die trust (die kurators) is die eerste tot vierde respondente in aansoeknr 3338/2013 en die tweede tot vyfde respondente in aansoeknr 3818/2013. Die Meester van hierdie hof is ook 'n respondent in elkeen van die aansoeke tans voor my.
  
- [7] Dit is gemeensaak dat al die beeste mettertyd geslag of verkoop is en dat die totale opbrengs van die beeste (die opbrengs) die bedrag van ongeveer R32 miljoen beloop. Die opbrengs is tans onder beheer van die kurators. Die kurators het die opbrengs in die eerste likwidasië- en distribusierekening van die boedel van die trust opgeneem en in die tweede likwidasië- en distribusierekening die opbrengs toegewys aan Absa as preferente krediteur op grond van die algemene notariële verbande.
  
- [8] Farmsecure het by die Meester beswaar aangeteken teen die tweede likwidasië- en distribusierekening. Daar was drie gronde van beswaar. Die eerste beswaar was dat die rekening nie reflekteer dat die beeste die eiendom van Farmsecure was nie. Die tweede beswaar was gegrond

daarop dat Farmsecure op grond van 'n sessie van vorderingsregte deur die trust aan Farmsecure geregtig is op die opbrengs. Die derde beswaar was dat Absa se eis en notariële verbande nie geldig is nie. Die Meester het geeneen van hierdie besware gehandhaaf nie en het vir Farmsecure aldus in kennis gestel per brief gedateer 12 September 2013.

- [9] Intussen, op 2 Augustus 2013, het Farmsecure in saaknr 3132/2013 aksie teen die kurators ingestel op grond van die *actio ad exhibendum* (die aksie). Farmsecure beweer in sy besonderhede van vordering in die aksie dat dit die eienaar van die beeste was, dat die kurators die beeste vervreem het met kennis van Farmsecure se aanspraak daarop, dat die partye ooreengekom het dat die opbrengs afsonderlik gehou sal word hangende bewys deur Farmsecure van eiendomsreg van die beeste en dat die opbrengs in elk geval ten minste die waarde van die beeste verteenwoordig en eis gevolglik betaling van die kurators van die bedrag van ongeveer R32 miljoen. In hul verweerskrif het die kurators onder andere spesiaal gepleit dat die geskilpunt aangaande die eiendomsreg van die beeste finaal deur Claasen WnR beslis is in beide aansoeknr 596/2012 en 772/2012 en dus *res judicata* is.

- [10] In die kennisgewing van mosie in aansoeknr 3338/2013 vra Farmsecure eerstens 'n bevel wat die Meester hangende finale beregting van die aksie verbied om daardie gedeeltes van die tweede likwidasië- en distribusierekening van die

insolvente boedel van die trust wat handel met die opbrengs, goed te keur en tweedens 'n bevel wat die kurators hangende die finale beregting van die aksie verbied om die opbrengs uit te betaal.

[11] Farmsecure sê dat aansoeknr 3818/2013 aanhangig gemaak is omdat die Meester sedertdien met Farmsecure se besware teen die tweede likwidasië- en distribusierekening van die boedel van die trust gehandel het. Omdat Farmsecure die houding inneem (myns insiens verkeerdelik so) dat die Meester geen beslissing ten aansien van sy eerste beswaar gemaak het nie, word in hierdie aansoek eerstens slegs gevra dat die Meester se beslissings ten aansien van Farmsecure se tweede en derde besware tersyde gestel word. Tweedens word gevra dat verdere oorweging van hierdie twee besware deur die Meester oorgehou word tot finale afhandeling van die aksie. Derdens word in hierdie aansoek ook 'n bevel gevra wat die kurators hangende finale beregting van die aksie verbied om met die opbrengs en rente daarop te handel.

[12] Alhoewel die eerste gedeelte van die kennisgewing van mosie in aansoeknr 3818/2013, waarin tersydestelling van die Meester se beslissings aangevra word, in finale vorm gegiet is, het die advokaat vir Farmsecure tydens argument dit duidelik gemaak dat geen finale bevel aangevra word nie, maar slegs tussentydse regshulp hangende finale beregting van die aksie. Daar is goeie redes vir die standpunt dat Farmsecure nie 'n finale bevel kan verkry ingevolge waarvan

die Meester se beslissings ten opsigte van Farmsecure se tweede en derde besware tersyde gestel word nie. Farmsecure se saak is dat dit tot kennis van die kurators die eienaar was van die beeste. Op sy eie saak kan daar dus geen sprake wees van 'n eis vir die opbrengs op grond van sessie nie en, soos ek aanstons sal aantoon, het Farmsecure geen *locus standi* om Absa se eis teen die insolvente boedel van die trust te bevraagteken nie.

- [13] Die regshulp wat voor my aangevra is, kan dus in twee kategorieë opgedeel word, elk vir tussentydse regshulp hangende finale beregting van die aksie. Die eerste kategorie behels 'n verbod op die Meester om hangende die aksie te handel met daardie deel van die tweede likwidasië- en distribusierekening wat handel met die opbrengs en met Farmsecure se gemelde twee besware. Die tweede kategorie behels 'n verbod op die kurators om hangende die aksie met die opbrengs te handel of dit aan Absa uit te betaal.
- [14] Aangesien tussentydse regshulp aangevra word, is die eerste vraag of Farmsecure ten aansien van elke of enige kategorie regshulp 'n *prima facie* reg aangetoon het, alhoewel onderworpe aan 'n mate van twyfel ("open to some doubt"). Die toets hiervoor is welbekend en is soos volg gestel in **Simon NO v Air Operations of Europe AB and Others** 1999 (1) SA 217 (HHA) op 228G – H:

“Insofar as the appellant also sought an interim interdict *pendente lite* it was incumbent upon him to establish, as one of the requirements for the relief sought, a *prima facie* right, even though open to some doubt (*Webster v Mitchell* 1948 (1) SA 1186 (W) at 1189). The accepted test for a *prima facie* right in the context of an interim interdict is to take the facts averred by the applicant, together with such facts set out by the respondent that are not or cannot be disputed and to consider whether, having regard to the inherent probabilities, the applicant should on those facts obtain final relief at the trial. The facts set up in contradiction by the respondent should then be considered and, if serious doubt is thrown upon the case of the applicant, he cannot succeed. (*Gool v Minister of Justice and Another* 1955 (2) SA 682 (C) at 688B--F and the numerous cases that have followed it.)”

- [15] Die eerste kategorie tussentydse regshulp verg in die eerste plek *prima facie* bewys daarvan dat Farmsecure ‘n reg het met betrekking tot die tweede likwidasië- en distribusierekening van die insolvente boedel van die trust. Artikel 20(2) van die Insolvensiewet 24 van 1936 maak dit duidelik dat wat binne ‘n insolvente boedel val, is die eiendom van die insolvent op datum van sekwestrasie en die eiendom wat die insolvent gedurende sekwestrasie verkry. Beeste wat op datum van sekwestrasie in besit van die trust was, maar nie die eiendom was van ‘n ander, val dus nie in die insolvente boedel van die trust nie. Sien **Ruskin, NO v Thiergen** 1962 (3) SA 737 (A) op 345D – E. Omdat Farmsecure sê dat die beste te alle tersaaklike tye die eiendom van Farmsecure was, het Farmsecure geen reg of aanspraak om te deel in die insolvente boedel van die trust

nie. Farmsecure se eis vir die opbrengs is nie ontvanklik in die insolvente boedel nie. Farmsecure se remedie was om lewering van sy eiendom met die *rei vindicatio* te eis. Maar omdat die beeste reeds vervreem is, sou Farmsecure op sy eie saak geregtig wees op die opbrengs ingevolge 'n ooreenkoms, soos beweer, dat dit afsonderlik gehou sal word hangende bewys van Farmsecure se eiendomsreg of omdat dit die waarde van die beeste verteenwoordig ingevolge die *actio ad exhibendum*. Op beide grondslae het Farmsecure nie 'n eis om te deel in die insolvente boedel nie en het hy geen belang of aanspraak in die likwidasië- en distribusierekeninge daarvan nie. Dat dit so is, word verder duidelik gemaak deur die bepalinge van artikels 36(5) en 36(6) van die Insolvensiewet.

- [16] Kortom, Farmsecure het op sy eie saak geen *locus standi* om regshulp ten opsigte van die likwidasië- en distribusierekeninge van die boedel van die trust te verkry nie. Dit volg dat ten aansien van die eerste kategorie tussentydse regshulp Farmsecure nie oor die eerste hekkie van die bogemelde toets kom nie.
  
- [17] Ten aansien van die tweede kategorie regshulp gaan dit in die eerste plek oor of Farmsecure 'n *prima facie* reg op die opbrengs aangetoon het. Dit kom voor dat Farmsecure in die aksie ten minste die volgende sal moet aantoon, naamlik dat die kwessie van eiendomsreg van die beeste nie *res judicata* is nie, dat Farmsecure eiendomsreg van die beeste verkry het kragtens die koopkontrakte waarop dit steun, dat

sodanige beeste in besit van die trust was ten tye van beslaglegging en dat die opbrengs kragtens ooreenkoms of andersins 'n spesiaal geoormerkte fonds is waarop Farmsecure op grond van bewys van eiendomsreg van die beeste aanspraak kan maak. Indien Farmsecure se saak op enige van hierdie aspekte onderworpe is aan ernstige twyfel, kan die tweede kategorie regshulp nie toegestaan word nie.

- [18] Aangesien 'n interim interdik tans ter sprake is, is dit aangewese dat ek my so min as moontlik uitlaat oor bogemelde geskilpunte. Ek behandel gevolglik slegs die kwessie wat ek as beslissend van die tweede kategorie regshulp beskou.
- [19] Dit blyk uit die getuienis dat Farmsecure en die trust op 21 Junie 2010 'n oorkoepelende ooreenkoms (die boederyooreenkoms) aangegaan het. Ingevolge hierdie ooreenkoms sou die trust met fondse deur Farmsecure verskaf, vee namens Farmsecure aankoop en sou Farmsecure die eiendomsreg van die vee verkry. Die trust sou die vee dan namens Farmsecure grootmaak en verkoop, waarna die koopprys van die vee plus finansieringskoste en ander koste van Farmsecure minus die vergoeding van die trust vir die dienste van die trust bereken ooreenkomstig 'n voorgeskrewe formule, aan Farmsecure betaal sou word. Die boederyooreenkoms bepaal ook dat ten opsigte van die aankoop van vee 'n koopkontrak in 'n voorgeskrewe formaat gebruik sou word.

- [20] Die trust het egter nie namens Farmsecure vee aangekoop nie. Dit het in eie naam vee aangekoop en in besit geneem en daarna koopkontrakte in die voorgeskrewe formaat ten aansien van daardie vee met Farmsecure aangegaan.
- [21] Farmsecure steun voor my in besonder op 16 koopkontrakte vir die aankoop van beeste wat so tussen Farmsecure en die trust aangegaan is. Ingevolge elke koopkontrak verkoop die trust 'n spesifieke aantal kalwers van 260 kilogram stuk teen 'n vasgestelde koopprys aan Farmsecure. Die totale getal kalwers kragtens hierdie koopkontrakte aangekoop, beloop 6673. Klousule 9 van elke koopkontrak bepaal soos volg:

“Eiendomsreg in en tot die vee sal op Farmsecure Livestock oorgaan teen betaling van die koopprys. Indien die verkoper en/of gemelde verteenwoordiger ten tye van betaling in besit van die vee is, erken sodanige besitter dat eiendomsreg aldus oorgaan en stem in om voortaan die vee vir en namens Farmsecure Livestock as eienaar te hou.”

Die koopkontrakte bepaal verder dat herverkoop van die kalwers sal geskied nie later nie as 210 dae na datum van ondertekening van die koopkontrak.

- [22] Die 16 koopkontrakte is gesluit vanaf 14 April 2011 tot 20 September 2011. Volgens die eisdokumente wat Farmsecure in die insolvente boedel ingedien het, het betaling van die koopprys aan die trust nooit later geskied dan sewe dae na datum van ondertekening van die betrokke koopkontrak nie, meestal binne 'n korter tydperk. Die

koopprys in terme van die koopkontrak gedateer 20 September 2011 is hivolgens op 21 September 2011 betaal. Dus, indien eiendomsreg van die betrokke beeste telkens wel op datum van betaling van die koopprys oorgegaan het, moes daardie beeste ten minste vanaf daardie datum in besit van die trust en die voerkraal gewees het.

- [23] Die oogmerk van 'n voerkraal is om beeste so vinnig en goedkoop as moontlik slaggereed te kry en te laat slag. Beide die kurators en Absa sê in hul opponerende verklarings dat die afrondingstydperk in 'n voerkraal ongeveer 120 dae is. Hierdie getuienis is nie deur Farmsecure in geskil geplaas nie. Indien die beeste wat ingevolge die 16 koopkontrakte aangekoop is, op 13 Februarie 2012 nog in die trust se voerkraal was, sou die beeste wat laaste aangekoop is ten tye van die perfekteringsbevel reeds byna vyf maande in die voerkraal gewees het en al die ander beeste vir langer tydperke, tot so lank as ongeveer tien maande. Dit is in die hoogste mate onwaarskynlik, veral in lig daarvan dat dit ook onbetwis is dat die trust ongeveer 1200 beeste per maand bemark het. Hierby moet in ag geneem word dat Farmsecure na 21 September 2011 geen betaling aan die trust gemaak het nie, dat die trust vanaf 28 September 2011 aangehou het om beeste vir die voerkraal aan te koop en dat Absa ter finansiering van daardie aankope tot 5 Januarie 2012 ongeveer R24 miljoen aan Farmsecure geleen en voorgeskiet het. In die omstandighede is daar myns insien

ernstige twyfel daaroor of enige beeste waarvan Farmsecure uit hoofde van die koopkontrakte eiendomsreg kon verkry het, teen 13 Februarie 2012 nog in die besit van die trust was. Vir hierdie rede kan die tweede kategorie regshulp nie toegestaan word nie.

[24] Namens Farmsecure is in die alternatief gevra dat beide aansoeke vir verhoor of vir mondelinge getuienis verwys word om saam met die aksie aangehoor te word. Dit is duidelik dat reël 6(5)(g) aan my 'n diskresie verleen om sodanige bevel te maak. Dit is logieserwys belangrik om by die uitoefening van die diskresie te oorweeg of die bevel enige praktiese sin of effek sal hê. Hierdie vraag moet beoordeel word op die grondslag dat die aksie slaag. Myns insiens sal dit sinneloos wees om enige van die twee aansoeke voor my vir verhoor of mondelinge getuienis te verwys om saam met die aksie aangehoor te word. Indien die aksie slaag, sal Farmsecure kragtens finale bevel onafhanklik van die insolvente boedel op die opbrengs geregtig wees en sal daar geen nut vir enige van die twee kategorieë tussentydse regshulp wees nie.

[25] Gevolglik word beide aansoeke afgewys met koste, insluitende die koste van twee advokate.

Namens die applikant: Adv W.R.E. Duminy SC  
en D.J. Coetsee  
In opdrag van:  
Kramer Weihmann Joubert Ing  
BLOEMFONTEIN

Namens respondente: Adv F.H. Terblanche SC  
en J.W. Steyn  
In opdrag van:  
Rossouws Prokureurs  
BLOEMFONTEIN

Namens Absa Bank: Adv J.P. de Bruin SC  
en P.J.T. de Wet  
In opdrag van:  
Symington & De kok  
BLOEMFONTEIN

/spieterse